# 2. BEHEER OOR DIE PRIMêRE ONDERWYS

## 2.1 Sentrale (algemene) beheer

### 2.1.1 Inleiding

Toe die Anglo-Boereoorlog in 1899 uitgebreek het, het die onderwysstelsel van die Z.A.R., met 'n Superintendent van Onderwys aan die hoof, opgehou om te fungeer. Hierdie tradisionele onderwysstel= sel - ook Christelik-Nasionale Onderwys genoem (C.N.O.) - is gedurende en na die oorlog vervang met die stelsel van die Britse veroweraar "... wat in ooreenstemming moes wees met Lord Viscount Milner se liberalisties-imperialistiese beleid".[1)]

Die benaming "Direkteur van Onderwys" is vir die eerste keer amptelik in die begin van die 20ste eeu in die Transvaal gebruik. Hierdie pos is vanaf 1901-1903 beklee deur E.B. Sargant, 'n ampte= naar van die Britse staatsdienskommissie, in op= drag van Milner, Britse Hoëkommissaris in die Transvaalkolonie.[2)] So is die tradisionele "Super=

---

1) BARNARD, S.S. en COETSEE, A.G.: Onderwys aan blankes in Transvaal, p. 115.
2) T.O.D.: Eeufeesuitgawe, 1876-1976, p. 46.

intendent van Onderwys" vervang met die volksvreemde "Direkteur van Onderwys".

In 1903 - een jaar na die beëindiging van die Anglo Boereoorlog - het die Britse administrasie 'n ordonnansie uitgevaardig wat bepaal het dat daar 'n "Department of Public Education" sal wees, met 'n "Director of Education" aan die hoof.[3] Hierdie onderwysdepartement wat volksvreemde staatsonderwys voorgestaan het, was 'n uitvloeisel van die Britse "Elementary Education Act" van 1870 wat - volgens Balfour - "... the basis of English public elementary education" tot in die begin van die 20ste eeu in Engeland was.[4]

Die term "Direkteur" het reeds in 1860 in die Britse skoolwese voorgekom in "Reports of the Director-General of Military Education", 'n afdeling in die Engelse onderwysstelsel onder die sg. "War Office". Vier jaar later is 'n Britse inspekteur van skole deur die Engelse onderwysdepartement aangestel as "Director of Education for the Navy" met die opdrag om die onderwys van

3) Ordinance No. 7 of 1903, art. I(a).
4) BALFOUR, M.A.: The educational systems of Great Britian and Ireland, p. 18.

die vlootskole te organiseer.[5] Die "War Office" en die Vlootskole was komponente van die genoemde "Elementary Education Act" wat, volgens Van Wyk, die staatsraamwerk voorsien het waarvolgens die Britse onderwysstelsel verder gekonsolideer en genasionaliseer is.[6]

Bogenoemde feite bring dus aan die lig dat sowel die Direkteur van Onderwys as openbare staatsonder=wys in Transvaal as gevolg van Engelse beïnvloe=ding ontstaan het. Die Britse owerheid in die Transvaalkolonie het 'n sterk sentrale, staats=beheerde onderwysorganisasie voorgestaan.[7] Dit is 'n duidelike weerspieëling van die Britse "Board of Education" - wet van 1899 waardeur die beheer van die Britse Onderwysdepartement gekon=sentreer is in 'n sentrale onderwysraad, die so=genaamde "Board of Education".[8] Aan die hoof van hierdie "Board" het die Minister van Onderwys gestaan - 'n pos waarvoor daar reeds in 1856 voor=

5) Ibid., p. 74.
6) VAN WYK, A.H. DU P.: Die invloed van die Engelse skoolwese op die Kaapse skoolwese, 1806-1915, p. 38.
7) PISTORIUS, P.: Gister en vandag in die op=voeding, p. 319.
8) VAN WYK, op. cit., p. 37.

Die aantal primêre skole waaroor die T.O.D. beheer uitgeoefen het, 1902-1905[10]

| Jaar eindigende op | Aantal skole | | Totaal | Gemiddelde inskrywing | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Dorpskole | Plaasskole | | Dorpskole | Plaasskole | |
| Des. 1902 | 90 | 72 | 162 | - | - | 14 972 |
| Des. 1903 | 104 | 269 | 373 | 15 059,8 | 9 043,3 | 24 103,1 |
| Des. 1904 | 106 | 269 | 375 | 15 975,9 | 9 965,1 | 25 941,0 |
| Des. 1905 | 109 | 272 | 381 | 17 303,9 | 9 596,6 | 26 627,5 |

Tabel 2.1

Die uitbreiding van die C.N.O.-skoolstelsel, 1903-1905.[11]

| Jaar | Skole | Onderwysers | Leerlinge |
|---|---|---|---|
| 1903 | 151 | 215 | 5 328 |
| 1904 | 172 | 289 | 6 958 |
| 1905 | 228 | 419 | 9 335 |

Tabel 2.2

10) BARNARD en COETSEE, op. cit., p. 131.
11) Ibid., pp. 139 - 141.

siening gemaak is met die omskepping van die Britse Komitee van die Geheime Raad in 'n Onderwysdeparte=ment.[9)]

Die "gedwonge" skoolbeleid onder Milner het in die Transvaalkolonie vinnig uitgebrei.

Die Afrikaner wat deur die oorlog van sy vryheid, sy land, sy eiendom en sy tradisionele onderwys=stelsel beroof is, wou ten alle koste sy identi=teit behou. Gevolglik was hy onwillig om sy kinders na die vreemde goewermentskole met Engels as voertaal te stuur. Die gevolg hiervan was die totstandkoming van C.N.O.-skole dwarsdeur Trans=vaal, waar die Afrikanerkind skoolonderwys op tradisionele wyse sou kon ontvang.

As gevolg van die verandering van regering in Engeland in Maart 1905, is Milner dieselfde jaar deur Selborne, as die nuwe Goewerneur vervang. Laasgenoemde, 'n versiende, gematigde staatsman, het op 17 November 1905 'n onderwysmemorandum, die sogenaamde Selbourne-minute, gepubliseer wat oor die volgende ses onderwysaangeleenthede ge=

---

9) BIRCHENOUGH, C.: History of elementary educa=tion in England and Wales, p. 115.

van oorheersing en het alles wat Engels was, hoër geag as dit wat Afrikaans was. Hy het tot hier= die oortuiging geraak nadat hy die Engelse letter= kunde, die Britse liberalisme, nie-sektariese onderwyswetgewing asook die staatkundige denke van die Britse staatsmanne as Cambridge-student (1890) bestudeer het.[17)] Smuts het 'n filosofiese beskouing - die sogenaamde holisme - gehuldig. Hierdie denkrigting berus op die beginsel dat die geheel meer is as die som van die dele, met ander woorde alles word teen die agtergrond van die om= vattende geheel gesien. Gepaard hiermee het Smuts die kwessie van vryheid beskou as losmaking van oorheersing of omgewing, dit wil sê 'n ongebonde (liberale) vryheid soos deur die 19de eeuse libe= ralisme en die Franse Rewolusie voorgestaan.[18)] Smuts het hierdie begrippe in 'n onderwyswet, naamlik Wet no. 25 van 1907, verwerk. Deur middel van hierdie wet wou Smuts die enkeling of klein groepie by die groot geheel inskakel[19)] om een groot geheel ("whole") te vorm. So het Smuts die onderwysopvatting van die 20ste eeu - die op=

---

17) SNYMAN, J.J.: 'n Histories-kritiese studie van die Smuts-onderwyswet van 1907, p. 161.
18) Ibid., p. 154.
19) Ibid., p. 145.

handel het: verpligte laer onderwys; adviserende skoolkommissies; adviserende skoolrade; die aan= stelling van onderwysers; die voertaalkwessie; onderwysregulasies.[12] Hierdie minute is van be= lang omdat die Smuts-onderwyswet van 1907 daarop gebaseer is.[13] Op 6 Desember 1906 is verant= woordelike selfbestuur aan die Transvaalkolonie toegestaan en na die eerste algemene volksraads= verkiesing in Februarie 1907, is J.C. Smuts aan= gewys as Koloniale Sekretaris en Minister van Onderwys in die Bothakabinet.[14]

Smuts het hom uit die staanspoor begin beywer vir 'n versoening tussen Boer en Brit met die doel om 'n onverdeelde Suid-Afrika binne die Britse Ryk tot stand te bring.[15] Die militêre dissipline van die Britse magte gedurende die pasafgelope oorlog het Boeregeneraals soos Smuts en Botha be= ïndruk. Van hulle het selfs pro-Brits geword met die gevolg dat eertydse vyande vriende geword het.[16] Smuts is besonder beïnvloed deur die Britse gees

12) Selborne-minute, 17 November 1905.
13) BARNARD en COETSEE, op. cit., p. 145.
14) Ibid., p. 144.
15) Ibid., p. 145.
16) PELLS, E.G.: 300 Years of education in South Africa, p. 1.

bou van 'n eenheidsbewuste nasie - gehuldig.[20) ]
Om hierdie oogmerk te verwesenlik het Smuts geglo dat die staat vir die onderwys verantwoordelik moes wees en dat Engelse en Boerekinders na die skool gebring moet word om hulle daar saam op te voed en tot een volk te vorm[21)] - al sou dit ook neerkom op prysgawe van die tradisionele Afrikaan=se beginsel dat die onderwys die plig van die ouers was en dat die staat slegs die ouer inisia=tief moes steun.[22)] Die Afrikanerouer kon hom nie vereenselwig met die Brits-liberale en humanistiese utiliteitsbeginsel wat in die Smuts-onderwyswet opgeneem is nie, maar moes teen wil en dank daar=mee genoeë neem omdat die wet sedert Oktober 1909 tot 1953 die grondslag gevorm het van die Trans=vaalse skoolwetgewing.[23)]

In die Smuts-onderwyswet, 1907, word voorsiening gemaak vir 'n "Departement van Onderwys" met 'n "Direkteur van Onderwys" aan die hoof, benoem deur die Goewerneur en onderworpe aan die Minister.[24)]
Die funksie van die Departement van Onderwys sal

20) BARNARD en COETSEE, op. cit., pp. 144-5.
21) PISTORIUS, op. cit., p. 322.
22) Ibid., p. 321.
23) BOT, A.K.: Onderwys in Transvaal, 1836-1951, p. 63.
24) Wet no. 25 van 1907, art. 3(1).

wees die verrigting van al die nodige en bykomende werk vir die beheer van die openbare onderwys deur die Goewerneur, en die uitvoering van alle bevoegdhede of pligte wat deur hierdie wet of deur regulasie spesiaal daaraan verleen of opgelê word.[25) ] Die Goewerneur kan van tyd tot tyd amptenare en beamptes aanstel om diens te doen in die administrasie van die Departement, wat die bevoegdhede en pligte besit wat deur die wet aan hulle verleen word.[26)]

Wet no. 25, 1907, maak verder voorsiening vir 'n Raad van Onderwys van vyf lede, met die Direkteur van Onderwys as voorsitter. Vier raadslede word vir 'n tydperk van vier jaar deur die Goewerneur benoem. Die Raad van Onderwys moes die Minister adviseer met betrekking tot die jaarlikse finansiële uitgawes, maar hy het geen jurisdiksie oor die Direkteur of enige ander amptenaar van die Departement van Onderwys gehad nie.[27)]

Van besondere belang is die feit dat die Smuts-onderwyswet voorsiening maak vir primêre onderwys

---

25) Ibid., art. 3(2).
26) Ibid., art. 4.
27) Ibid., art. 7,8,9.

vir blanke kinders. 'n Primêre skool kan opgerig word wanneer daar redelike sekerheid bestaan dat minstens 25 leerlinge die skool vir die hele jaar sal besoek.[28] Ondersteunde plaasskole, dit is skole wat nie opgerig of in stand gehou word krag=tens die wet nie, sal 'n regeringsubsidie kry ten opsigte van elke leerling vanaf die vyfde jaar, mits meer as 9 leerlinge die skool besoek.[29]

In art. 18 van die Smuts-onderwyswet word voor=siening gemaak vir gratis laer onderwys in goewer=mentskole, maar vir onderrig aan enige ondersteun=de plaasskool kan sodanige skoolgelde gehef word as wat die Raad van tyd tot tyd vasstel.[30]

Artikel 19 handel oor verpligte onderwys vir leer=linge tussen 7 en 14 jaar. Ouers moet sorg dat sulke leerlinge die skool gereeld besoek, by gebreke waaraan straf opgelê kan word. Toegewings word egter gemaak waar leerlinge verder as 4,8 kilometer van die skool af woon, vir siekte of vir leerlinge wat reeds die vierde standerd of 'n gelykwaardige kursus voltooi het.[31] Die wet stel

28) Ibid., par. 16(1).
29) Ibid., par. 17.
30) Ibid., par. 18(1), (2)(a).
31) Ibid., par. 19(1)(a)-(d).

dit duidelik dat dit die skoolrade se plig is om toe te sien dat verpligte onderwys uitgevoer word.[32)]

Die Smuts-onderwyswet het van die primêre skool 'n volkskool gemaak. Artt. 18 en 19 staan duidelik onder invloed van twee Britse onderwyswette. Die Onderwyswet van 1876 het elementêre onderwys aan leerlinge tussen 5 en 14 jaar in Lees, Skryf en Rekene voorsien. Die Britse Vry-Onderwyswet van 1891 het hierop uitgebrei en aan ouers die reg gegee om staatsonderwys te eis - 'n bepaling wat van die Britse primêre skool eintlik 'n volkskool gemaak het.[33)]

Die vermeerdering van primêre skole en leerlinge, 1908-1910[34)]

| Datum | Skole | | Leerlinge | |
|---|---|---|---|---|
| | Dorpskole | Plaaskole | Dorpskole | Plaasskole |
| 1908-06-30 | 141 | 473 | 25 914 | 16 141 |
| 1909-06-30 | 141 | 556 | 26 784 | 17 360 |
| 1910-06-30 | 138 | 579 | 28 126 | 18 376 |

Tabel 2.3

32) Ibid., par. 20(1).
33) VAN WYK, op. cit., pp. 34-6.
34) BARNARD en COETSEE, op. cit., p. 156.

Uit genoemde tabel blyk dit dat alhoewel die dorp=skole met drie verminder het, daar 'n toename in die leerlingtal van 2 212 was, terwyl slegs 2 235 in 106 bykomende plaasskole opgeneem is. Hier=die verskynsel moet gewyt word aan onderwyskonsen=trasie, dit wil sê waar leerlinge verkieslik groter skole besoek het.[35)]

Direkteur Adamson het die 717 skole waar 46 502 leerlinge onderwys ontvang het, as 'n "loffelijk cijfer" bestempel,[36)] maar hy was geen ondersteuner van die ontstaan van eenmanskole op die platteland nie. Sy uitgangspunt was dat 'n tweemanskool met minstens 40 leerlinge die kleinste toelaatbare skool moes wees[37)] - 'n aanduiding dat Adamson die holistiese filosofie van Smuts in die praktyk wou uitbou.

2.1.2 <u>Primêre onderwys onder provinsiale beheer, 1910-1960: 'n algemene oorsig</u>

2.1.2.1 <u>Verdeelde onderwysbeheer</u>

---

35) Ibid., p. 157.
36) T.O.D.: Jaarverslag, 1910-06-30, p. 4.
37) BARNARD, S.S.: 'n Histories-pedagogiese evaluering van die onderwys van die Transvaalse plaasskool, 1838-1967, p. 381.

Verdeelde beheer oor die onderwys het sy beslag in die Suid-Afrikawet van 1909 gekry.[38] Die wet be= paal dat elke provinsie sy eie onderwysaangeleent= hede sal beheer deur middel van ordonnansies.[39] Primêre en sekondêre onderwys is dus aan die pro= vinsies toegesê, terwyl "hoër" onderwys (tersiêre of na-matrikulasieonderwys) die verantwoordelik= heid van die sentrale regering gebly het. Hierdie prosedure het 'n horisontale verdeling van onder= wys meegebring, wat soos volg voorgestel kan word:[40]

| Onderwysvlak | Onderwysdepartement in beheer |
| --- | --- |
| Tersiêre onderwys | Departement van Unie-Onderwys (Minister van Onderwys) |
| Horisontale verdelingslyn | |
| Sekondêre onderwys | Provinsiale onderwysdepartemente |
| Primêre onderwys | Provinsiale onderwysdepartemente |

Die horisontale verdeling van die onderwys is in 1912 ingewikkelder gemaak toe Transvaal 'n matri=

38) BARNARD en COETSEE, op. cit., p. 166.
39) Wet no. 3 van 1909, seksie V, 85(c).
40) BARNARD en COETSEE, op. cit., pp. 166-7.

kulasiesertifikaat vereis het vir toelating tot die onderwyskolleges. So is 'n deel van die ter=siêre onderwys na die provinsie verwys. Vanweë die feit dat die begrip "hoër onderwys" nie duide=lik omskryf is nie, het dit tot allerlei inter=pretasies aanleiding gegee. Met verloop van jare is sekere skole wat sekondêre onderwys verskaf het, van provinsiale beheer weggeneem en onder beheer van die sentrale regering geplaas. So het die nywerheidskole in 1917, die beroepskole, tegniese kolleges, landbouskole en spesiale skole in 1925, en die verbeteringskole in 1934 onder beheer van die Departement van Unie-Onderwys gekom. In 1938 is die landbouskole weer onder provinsiale beheer teruggeplaas, met die gevolg dat daar 'n onnatuur=like vertikale verdeling in onderwysbeheer ont=staan het.[41)]

Volgens Barnard en Coetsee kan die vertikale ver=deling van onderwysbeheer oor sekondêre onderwys

41) Ibid., p. 167.

soos volg voorgestel word:[42]

| Sekondêre onderwys | | Onderwysdepartement |
| --- | --- | --- |
| Gewone sekondêre skole | Vertikale verdelingslyn | Provinsiale onderwysdeparte=mente |
| Beroepsgerigte sekondêre skole (Handelskole, Huis=houdskole, Nywerheids-, Tegniese en Verbetering=skole) | | Die Departement van Unie-Onderwys |
| Landbouskole | | Provinsiale Onderwysdeparte=mente |

Hierdie ongewone vertikale verdeling met betrek=king tot onderwysbeheer het onderwysontwikkeling in Transvaal uiters nadelig beïnvloed. Die armer provinsies met hul beperkte geldelike vermoëns, kon nie in die toenemende vraag na beroepsgerigte onderwys voorsien nie. Verder is die uitvoering van differensiasie op sekondêre skoolvlak ontwrig. "Dit het die belang van elke kind op die sekondêre skool geraak, maar veral die belange van daardie

---

42) Ibid., p. 168.

leerlinge wat andersoortige onderwys as die wat die gewone sekondêre skool aangebied het, nodig gehad het. Hierdie onhoudbare toestand het gelei tot duplisering, oorvleueling en geldverkwisting".[43)]

2.1.2.2 Pogings om die verdeelde beheer te beëindig

In 1922 (Wet no. 5 van 1922) is die eerste poging aangewend om die term "hoër onderwys" beter te omskryf en duideliker te omlyn met die doel om misvattinge uit die weg te ruim. "Hoër onderwys" is toe omskryf as:

* Onderwys wat deur universiteite verskaf word.

* Onderwys verskaf deur die Suid-Afrikaanse Naturellekollege.

* Onderwys wat as sodanig deur die Minister van Onderwys verklaar word. In 1945 (Wet no. 38 van 1945) is "hoër onderwys" onder meer uitgebrei tot op die opleiding van onderwysers vir sekondêre skole. Hierdie pogings om verwarring ten opsigte van onderwysbeheer uit

43) Ibid., pp. 168-9.

die weg te ruim, het niks opgelewer nie.[44]

2.1.2.3 <u>Verslae van kommissies i.v.m. die eventuele opheffing van verdeelde onderwysbeheer</u>

Verskeie kommissies is sedert 1916 benoem met die oog op 'n landswye koördinasie van die onderwys, naamlik:

* Die Jagger-kommissie (Transvaal) wat in 1916 aanbeveel het dat alle onderwys onder die beheer van die Unie-Onderwysdepartement geplaas word en dat provinsiale owerhede teen 1920 afgeskaf word. Hierdie aanbeveling is nie opgevolg nie, aangesien die provinsiale owerhede nie daarmee gediend was nie.

* Die Hofmeyr-kommissie (Uniaal) wat in 1924 die instelling van 'n Uniale Raad vir Onderwys bepleit het wat die mag sou hê om alle primêre (en sekondêre) onderwys te koördineer. So 'n raad is egter nooit in die lewe geroep nie.

* Die Roos-kommissie (Transvaal) het in 1934 die

---

44) Ibid., p. 169.

koördinasie van onderwys ernstig bepleit, aangesien daar reeds baie oorvleueling voorgekom het. Die Unie-Onderwysdepartement het as't ware reeds alle beroepsgerigte onderwys op sekondêre vlak beheer.

* Provinsiale beheer oor alle primêre en sekondêre onderwys en oor onderwysersopleiding is deur die Nicol-kommissie (Transvaal) in sy verslag van 1939 aanbeveel.

* Die De Villiers-kommissie (Uniaal) van 1948 het 'n Nasionale Onderwysraad bepleit vir die instelling van 'n eenvormige onderwysstelsel vir Suid-Afrika.

* In 1955 het die Interkerklike Komitee vir Onderwys en Opvoeding ten opsigte van die onderwyskwessie in Suid-Afrika aanbeveel dat 'n Nasionale Onderwysraad ingestel word, asook 'n nasionale onderwysbeleid. Hiervan het niks tereg gekom nie, aangesien die Nasionale Onderwysraad geen statutêre liggaam was nie.

Ongeag al die bovermelde pogings is nie daarin geslaag om verdeelde onderwysbeheer te beëindig nie en was daar tot in 1960 nog steeds oorvleueling, duplisering en groot finansiële uitgawes aan die

saak verbonde.[45)]

### 2.1.3 Uitbreiding van die primêre onderwys, 1910-1960

#### 2.1.3.1 Verhoging van skoolplig en implementering van gratis onderwys

Skoolplig is vir die eerste keer in Transvaal deur die Smuts-onderwyswet van 1907 ingestel vir "... elke blanke kind wat sy sewende, maar nog nie sy veertiende jaar voltooi het nie ..."[46)] Die leer=pliggrens is in 1912 onder Direkteur Adamson ver=hoog tot die ouderdom van 15 jaar of voltooiing van st. V.[47)] Vier jaar later is die skoolplig tot 16 jaar verhoog.[48)]

---

45) Ibid., p. 169-73.
46) Wet no. 25 van 1907, art. 19.
47) Ordonnansie no. 7 van 1912, art. 6.
48) BOT, A.K.: Transvaalse historiese oorsigte, p. 3.

Die uitbreiding van primêre onderwys, 1910-1924

| Jaar | Skole | | Totaal | Leerlinge | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Dorpskole | Plaasskole | | Dorpskole | Plaasskole | |
| Junie 1910 | 150 | 579 | 729 | 29 770 | 18 376 | 48 146[49] |
| Desember 1918 | 176 | 797 | 973 | 56 125 | 37 345 | 93 470[50] |
| Desember 1924 | 312 | 920 | 1 232 | 61 787 | 39 218 | 101 068[51] |

Tabel 2.4

---

49) T.O.D.: Jaarverslag, 1910-06-30, p. 104.
50) T.O.D.: Jaarverslag, 1918-12-31, p. 54.
51) T.O.D.: Jaarverslag, 1924-12-31, p. 11.

Uit die genoemde tabel blyk dit dat sowel skole as leerlinge vanaf 1910 skerp toegeneem het. In 1924 was daar 503 meer skole as in 1910 en 52 922 meer leerlinge as in dieselfde jaar - 'n toename van meer as 100%. As gevolg van die instelling van onderwyskonsentrasie en die uitvoering van skoolpligtigheid het daar 'n groot toename in skoolbesoek op die platteland voorgekom.

Die implementering van skoolplig deur Direkteur J.E. Adamson staan duidelik onder Britse beïn= vloeding indien die volgende gegewens in aan= merking geneem word:

Adamson was as Britse geleerde en opvoedkundige bekend met die Engelse skoolstelsel. Reeds in 1833 is vir die eerste keer van verpligte onder= wys in die Britse Laerhuis gewag gemaak. Na vele verwikkelinge is in 1870 deur middel van "Elemen= tary Education Act" voorsiening gemaak vir ge= deeltelike verpligte skoolbesoek. Dit is in 1891 opgevolg deur die "Free Education Act" waarvolgens vry onderwys deur ouers geëis kon word vir kinders tot 14 jaar, of aflegging van die st. VI-eksamen. Vrye, verpligte staatsonder= wys is uiteindelik in die "Onderwyswet van 1902" (Balfour-onderwyswet) gekonsolideer en later deur die imperialisties-gesinde Smuts in Wet no. 25

van 1907 opgeneem.[52)]

In 1928 het die Uitvoerende Komitee van Transvaal, met die oog op die algemene beweging dwarsdeur die wêreld om die standaard van staatsonderwys te verhoog,[53)] besluit "... dat die minimum skoolonderwys uitgedruk in skoolstanderds behoort verhoog te word en dat, met die doel voor oë op 'n kursus, afgerond by Standerd VIII, as die normale onderwyskursus gemik moet word".[54)] Die volgende jaar is ten opsigte van die ouderdom van 'n skoolpligtige kind besluit dat "... die boonste grens van leerplig sal sameval (sic) met die bereiking van die 16-jarige leeftyd of voltooiing van Standerd VIII (Vorm III) wat ookal die eerste is; met die voorbehoud dat die Skoolraad van die betrokke gebied die leeftydsgrens mag afbring van 16 na 15 jaar, sonder om egter die standaard van skoolvordering te mag wysig".[55)]

Die finale beslag aan skoolplig in Transvaal is in 1953 gegee. Volgens art. 96 van Ordonnansie

---

52) VAN WYK, op. cit., pp. 36-186.
53) T.O.D.: Jaarverslag, 1930-12-31, p. 9.
54) Besluit van die U.K. no. 2931 van 20 November 1928.
55) Besluit van die U.K. no. 2847 van 12 November 1929.

29 van 1953 is elke kind skoolpligtig vanaf die eerste skooldag in Januarie van die jaar waarin die ouderdom van sewe jaar bereik word tot en met die laaste skooldag van die jaar waarin sodanige skoolkind die ouderdom van sestien jaar bereik of totdat hy in standerd 10 geslaag het.[56)]

Dit het daarop neergekom dat volksonderwys spesi= fiek afgebaken is. Onder normale omstandighede behels dit 7 jaar van die kind se primêre skool= loopbaan en min of meer 3 jaar van die kursus in die sekondêre skool. Die toepassing van skool= plig is dan ook een van die faktore wat 'n skerp styging in skoolbywoning in primêre skole teweeg= gebring het.

---

56) Ordonnansie no. 29 van 1953, art. 96.

Die invloed van skoolplig op die skoolbevolking in Transvaalse primêre skole, 1930-1960

| Jaar | Skole | | | Leerlinge | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Dorpskole | Plattelandse en Plaasskole | Totaal | Dorpskole | Plattelandse en Plaasskole | Totaal |
| November 1930 | 233 | 965 | 1 198 | 73 356 | 50 096 | 123 452 [57] |
| Junie 1937 | 249 | 761 | 1 010 | 84 496 | 44 407 | 128 903 [58] |
| Junie 1942 | 301 | 468 | 769 | 97 566 | 35 998 | 133 564 [59] |
| Junie 1950 | 323 | 342 | 665 | 131 023 | 35 873 | 166 896 [60] |
| Junie 1955 | 292 | 374 | 666 | 124 776 | 72 526 | 197 302 [61] |
| Junie 1960 | 304 | 373 | 677 | 132 632 | 79 608 | 212 240 [62] |

Tabel 2.5

57) T.O.D.: Jaarverslag, 1930-12-31, p. 26.
58) T.O.D.: Jaarverslag, 1937-12-31, p. 25.
59) T.O.D.: Jaarverslag, 1942-12-31, p. 18.
60) T.O.D.: Jaarverslag, 1950-12-31, p. 45.
61) T.O.D.: Jaarverslag, 1955-12-31, p. 205.
62) T.O.D.: Jaarverslag, 1960-12-31, pp. 49-50.

Uit bostaande tabel kan die volgende afleidings gemaak word:

* In 1930 was daar 314% meer plaasskole as dorp=skole - op die oog af 'n ongebalanseerde ver=skynsel.

* Gaandeweg het die ewewig tussen dorp- en plaasskole "herstel" tot in 1960 toe daar net 69 meer plaas- as dorpskole was.

* Dorpskole het in drie dekades met 30,4% toe=geneem, terwyl plaasskole met 56,5% verminder het.

* Die toename in die leerlingtal oor dieselfde tyd=perk in die dorp- en plaasskole was onderskeide=lik 80,8% en 58,9%, terwyl die totale toename in die leerlingtal 71,9% was.

Volgens Ordonnansie 29 van 1953 behou die Direk=teur van Onderwys hom die reg voor om "... vir leerlinge tussen die ouderdomme van ongeveer ses jaar en ongeveer dertien jaar" onderwys voor te skryf[63] - 'n bepaling wat in 1960 nog steeds van krag was.

---

63) Ordonnansie no. 29 van 1953, art. 3(1)(e)(i).

### 2.1.4 Inspeksierapporte en gepubliseerde jaar= verslae

Die Direkteur van Onderwys het sedert 1910 van alle skoolinspekteurs verwag om inspeksierapporte* op te stel met die doel om hom op die hoogte te hou van die primêre skoolaangeleenthede in die ver= skillende inspeksiekringe in Transvaal. Daarbe= newens is inspekteurskonferensies van tyd tot tyd gehou met die oog daarop om onderwysbeleid te bespreek ten opsigte van onderwysaangeleenthede rakende die hele provinsie. Die Direkteur gee jaarliks 'n samevattende verslag oor skoolaange= leenthede met betrekking tot skoolbesoek, skool= rade, personeel, skoolkommissies, onderwysers, curricula, geboue, skoolmateriaal, statistiese gegewens, ensovoorts. Hierdie gepubliseerde ver= slae word aan die Administrateur van Transvaal, in sy hoedanigheid as provinsiale hoof, voorgelê.

Die eerste Direkteur van Onderwys in Transvaal, E.B. Sargant, het die Britse gebruik voortgesit en ook jaarverslae uitgegee. Direkteur Adamson

---

* Volgens Balfour is "Inspectors' reports" sedert 1887 gereeld in Engeland deur "His Majesty's" inspekteurs opgestel. (BALFOUR, op. cit., pp. 37-8).

het die Britse stelsel voortgesit en die feit dat dit tot in 1960 "onveranderd" gehandhaaf is, dui daarop dat die Britse beïnvloeding die goedkeuring van die provinsiale onderwyshoofde weggedra het.

## 2.2 Plaaslike beheer

### 2.2.1 Skoolrade

#### 2.2.1.1 Inleiding

Die instelling van Skoolrade in die onderwys is 'n Britse verskynsel. In die Engelse en Skotse "Elementary Educational Act" van 1870 asook die Skotse onderwyswet van 1872 word die pligte en samestelling van skoolrade omskryf. Skoolrade is in Engeland gedurende die 19de eeu deur stemge=regtigde belastingbetalers gekies om die onderwys=belange van sekere afgebakende gebiede, bekend as skooldistrikte, te behartig. Skoolrade was ook geregtig om in terme van bogenoemde onderwyswette regulasies ten opsigte van verpligte onderwys in te stel.[64] Geldelike steun moes aan behoeftige leerlinge verskaf word. Skoolrade moes voorts sorg vir die oprigting en instandhouding van skole

64) VAN WYK, op. cit., p. 183.

in hulle onderskeie skooldistrikte. Skoolrade moes ook toesien dat leerlinge tussen 5 en 14 jaar doeltreffende skoolonderwys in Rekene, Skryf en Lees ontvang.[65)] Skoolrade moes fondse doeltref= fend bestee asook onderwysers benoem.[66)]

Na die beëindiging van die Anglo-Boereoorlog in 1902 het die Britse owerheid in die Transvaalkolo= nie die tradisionele Republikeinse stelsel van ouerseggenskap deur middel van plaaslike skool= komitees opgehef, en die tradisionele Engelse skoolraadstelsel in werking gestel. Lord Milner het dit nie nodig geag "... om die wense en be= geertes van die kerk of ouers in ag te neem ..." by die aanstelling van onderwysers nie.[67)] Die Selborne-minute van 1905 het voorsiening vir die instelling van adviserende skoolrade gemaak wat toesig moes hou oor die onderwysaangeleenthede in hul eie onderskeie distrikte. Hulle het ook as skakel gedien tussen die skoolkommissie en die Departement van Onderwys, moes die skoolkommissies in verband met hulle werksaamhede adviseer en moes die Direkteur van Onderwys van advies bedien

---

65) Ibid., p. 34.
66) BALFOUR, op. cit., p. 128.
67) BARNARD en COETSEE, op. cit., p. 132.

by die aanstelling van onderwysers(esse).[68]

Die Smuts-onderwyswet, 1907, is in werklikheid 'n voortbouing op die beginsels van die Selborne-minute[69] en daarom nie 'n wet wat uit die volks= eie ontwikkel het nie. In artikel 38 word be= paal dat Transvaal in skoolraadsdistrikte inge= deel moet word met 'n skoolraad wat vir die onder= wyssake van elke afsonderlike distrik verantwoorde= lik sal wees.[70] 'n Skoolraad sou bestaan uit 6, 9 of 12 lede, waarvan een derde deur die Minister van Onderwys benoem word, terwyl die res deur stemgeregtigde kiesers van die distrik vir 'n termyn van 3 jaar verkies word.[71] Die magte en pligte van skoolrade soos in die Smuts-onder= wyswet vervat, behels die volgende aangeleent= hede:

* Toesig oor alle openbare skole, klasse en in= rigtings binne sy distrik.

* Om die Departement van advies te dien met be=

---

68) Lord Selborne's minute, 1905-11-17.
69) BARNARD en COETSEE, op. cit., p. 145.
70) Wet no. 25, 1907, art. 38.
71) Ibid., art. 39.

trekking tot die verskaffing van skole in die distrik.

* 'n Skoolraad moet verantwoordelik wees vir die oprigting of aankoop, huur of ander aan=skaffing van skoolgeboue, onderwyserswonings, koshuise vir leerlinge en die toebehore van 'n skool binne sy distrik.

* Die administrasie van sekere fondse, byvoor=beeld in die herstel van en verandering aan skoolgeboue en toebehore, meubels, toerusting, asook beurse.

* Die skoolraad sal enige saak oorweeg wat deur die skoolkommissie of bestuur van 'n skool onder sy aandag gebring word.

* Die byhou van verslae, registers en rekeninge en die deursending daarvan aan die Departement van Onderwys.[72] Indien hierdie magte en pligte van die skoolrade met die Britse stelsel vergelyk word, skyn daar duidelike beïnvloeding te wees.

---

72) Ibid., artt. 58-65.

### 2.2.1.2 Die werksaamhede van die skoolrade na 1910

Teen die middel van Junie 1910 was daar 27 skoolrade in Transvaal werksaam.[73] Geen raad het uit minder as 7 lede bestaan nie en die 10 grootste rade is uit 12 lede elk saamgestel. Die Direkteur het in sy jaarverslag vermeld dat een van hierdie rade verantwoordelik was vir 31 skole, met 'n totale inskrywing van 1 278 leerlinge[74] - dit wil sê 'n gemiddeld van 41,2 leerlinge per skool.

Volgens Direkteur Adamson was die betrekkinge tussen die skoolrade en die Transvaalse Onderwysdepartement baie goed. Hulle "... zijn eerder één dan twee; ze vormen delen van de ene machine".[75] Adamson het die skoolraad ook nog as "... plaatselike agent ..." van die Onderwysdepartement bestempel wat "... lokale behoeften ..." moes ondersoek en die departement moes "... adviseert ... hoe daaraan het beste tegemoet gekomen kon worden". Aan skoolrade is "... prakties volledige willekeur..." veroorloof ten opsigte van "De opening van een school; de plek waar die staan zal; het

---

73) T.O.D.: Jaarverslag, 1910-06-30, p. 11.
74) Ibid., pp. 12-3.
75) Ibid., p. 13.

meubileren; de hulp welke gegeven zal worden aan de kinderen van arme ouders, die meer dan drie myl (4,8 km) verwyderd wonen, door gelegenheid te geven de school te bezoeken; de mate van dwang over nalatige ouders uit te oefenen ... Doch ten slotte is de Raad van het centrale Departement afhankelik voor de uitvoeren van diens wensen ... omdat alle fondse verschaft worden uit de centrale schatkist".[76]

Adamson was deeglik op die hoogte van die Britse liberalistiese onderwys van die 19de eeu. Hy was adviseur vir J.C. Smuts met die opstelling van Wet no. 25 van 1907 en het in dié hoedanigheid "waardevolle" inligting in verband met die liberale Britse onderwysstelsel aan Smuts verskaf.[77] Adamson was die mede-uitbouer van die Britse imperialisme deur middel van die onderwys in Transvaal - 'n feit wat weerspieël word deur die volgende bewering wat deur Adamson gemaak is: "Een van de meest belangrijke ..." pligte van de skoolrade was om "... deel te nemen aan de verantwoordelikheid om faciliteiten te verschaffen voor't openbaar onderwys".[78] In hierdie verband

---

76) Ibid., pp. 13-4.
77) SNYMAN, op. cit., p. 170.
78) T.O.D.: Jaarverslag, 1910-06-30, p. 21.

het Adamson eintlik die skoolrade ('n Britse in=stelling) teen die skoolkomitees ('n tradisio=nele Afrikanerinstelling) "afgespeel". Die Direkteur was die mening toegedaan dat skool=kommissies onderwysliggame was "... wat geen bezondere belangen dienen". Dus moes skoolrade weerstand bied teen "... kleingeestige en niet-verlichte denkbeelden ..." van skoolkomitees en "... zaken van een ander kant bekijkt dan een schoolkommissie".[79] Skoolrade moes verder toe=sien dat die indiwidu "... onderworpen zijn aan de verlichte inzichten van de gemeenschap, beide in zijn eigen belang en in't nationale belang".[80] Skoolrade moes ook wag hou "... over het opvoed=kundig welzijn van z'n distrikt".[81] Dis duide=lik dat Adamson die skoolrade op 'n hoër niveau as die skoolkomitees geplaas het. Hy het aan=gevoer dat "Hoe spoediger de dag kome waarop de Raad de enige lokale autoriteit is voor lagere scholen, hoe beter voor het onderwijsstelsel van deze Kolonie".[82]

---

79) Ibid., p. 17.
80) Ibid., p. 22.
81) Ibid., p. 19.
82) Ibid., p. 17.

Die gesigspunte wat Adamson ten opsigte van skoolrade gehuldig het, toon dat hy skoolrade as die groter geheel gesien het. Daarby wou hy die klein groepie (skoolkommissies) inskakel om die geheel ("whole") te sterk - 'n duidelike invloed van die Britse gees van oorheersing sowel as die implementering van holisme soos in die Smuts-onderwyswet vervat.

In 1917 was daar reeds 29 skoolrade in Trans= vaal werksaam.

Uit ondergenoemde tabel kan die volgende afge= lei word:

* Van die 29 skoolrade het die werksaamhede van 25 hoofsaaklik oor onderwys op die platte= land gegaan.

* Skoolrade het aansienlik verskil met betrek= king tot die aantal skole en leerlinge wat hulle verteenwoordig het. Die skoolraad van Witwatersrand-Sentraal was verantwoordelik vir 50 skole en 18 987 leerlinge, terwyl die Barbertonse skoolraad in sy distrik ses skole met gesamentlike 399 leerlinge gehad het.

* Bykans 46% van die totale aantal primêre skoolleerlinge was in die stede gevestig

Verspreiding van skoolrade en aantal primêre skole in 1917.[83)]

| SCHOOLRAAD-DISTRIKTEN | AANTAL EN KLASSEN VAN SCHOLEN | | | | | | | TOTALEN | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | I | II | III | IV A | IV B | IV C | IV D | Scholen | Leerlingen |
| *Hoofdzakelik voor de Steden* | | | | | | | | | |
| Pretoria Stad ........ | 6 | 5 | 8 | 2 | - | 2 | - | 23 | 6 977 |
| Witwatersrand Centraal | 19 | 9 | 13 | 9 | - | - | - | 50 | 18 987 |
| Witwatersrand West ... | 3 | 3 | 6 | 1 | 2 | 2 | 2 | 19 | 4 504 |
| Witwatersrand Oost ... | 6 | 5 | 8 | 3 | 5 | 4 | 1 | 32 | 8 595 |
| *Hoofdzakelik voor het Platteland* | | | | | | | | | |
| Barberton ............ | - | 1 | - | - | 1 | - | 4 | 6 | 399 |
| Bethal ............... | 1 | - | 1 | - | 8 | 9 | 6 | 25 | 1 648 |
| Bloemhof ............. | 1 | 1 | - | - | 5 | 9 | 9 | 25 | 1 715 |
| Carolina ............. | - | - | 2 | - | 1 | 7 | 5 | 15 | 780 |
| Ermelo ............... | 1 | - | - | 1 | 5 | 6 | 10 | 23 | 1 651 |
| Heidelberg ........... | - | 2 | 3 | 2 | 22 | 8 | 8 | 45 | 3 079 |
| Klerksdorp ........... | 1 | - | 1 | - | 6 | 2 | 5 | 15 | 1 362 |
| Lichtenburg .......... | 1 | - | 1 | 4 | 21 | 11 | 12 | 50 | 2 810 |
| Lijdenburg Noord ..... | - | 1 | 1 | - | 4 | 3 | 8 | 17 | 1 026 |
| Lijdenburg Zuid ...... | - | - | 2 | - | 3 | 10 | 3 | 18 | 965 |
| Marico ............... | - | 1 | 3 | 3 | 17 | 5 | 4 | 33 | 2 336 |
| Middelburg ........... | 1 | 1 | 1 | 1 | 16 | 14 | 7 | 41 | 3 096 |
| Pietersburg .......... | 1 | - | 2 | - | 6 | 8 | 7 | 24 | 1 493 |
| Pietretief ........... | - | - | 1 | - | 3 | 6 | 1 | 11 | 578 |
| Potchefstroom ........ | 2 | 1 | 3 | 4 | 19 | 7 | 8 | 44 | 4 155 |
| Pretoria Distrikt .... | - | 1 | - | 6 | 20 | 16 | 25 | 68 | 3 814 |
| Rustenburg ........... | - | 1 | 3 | 6 | 31 | 11 | 15 | 67 | 4 180 |
| Standerton ........... | 1 | - | - | - | 11 | 10 | 6 | 28 | 1 708 |
| Ventersdorp .......... | - | 1 | 4 | 1 | 9 | 5 | 10 | 30 | 1 889 |
| Volksrust ............ | 1 | - | 1 | - | 2 | 3 | 5 | 12 | 1 109 |
| Wakkerstroom ......... | - | - | 1 | - | - | 1 | 5 | 7 | 351 |
| Waterberg ............ | - | 1 | - | 1 | 9 | 6 | 12 | 29 | 1 524 |
| Witwatersberg ........ | - | - | 4 | 2 | 9 | 6 | 5 | 26 | 1 629 |
| Wolmaransstad ........ | - | 1 | 1 | 2 | 12 | 12 | 16 | 44 | 2 365 |
| Zoutpansberg ......... | - | - | 1 | 1 | 1 | 2 | 3 | 8 | 475 |
| TOTALEN ..... | 45 | 35 | 71 | 49 | 248 | 185 | 202 | 835 | |

Tabel 2.6

83) T.O.D.: Jaarverslag, 1917-12-31, p. 18.

onder toesig van vier skoolrade, teenoor 54% op die platteland onder sorg van 25 skoolrade.

In 1924 was die werksaamhede van die skoolrade in die Transvaalse primêre onderwysstelsel reeds gevestig. Die Britse invloede op die skoolrade het geleidelik onlosmaaklik deel van die Trans= vaalse onderwysstelsel geword. Tot 1960 het die patroon van werksaamhede van die skoolrade in hooftrekke onveranderd gebly en aanhou funksio= neer "... volgens vasgestelde beginsels ..."[84)]

Die aantal skoolrade het in 1939 op 32 te staan gekom, maar op aanbeveling van die Transvaalse Onderwyskommissie van 1937 (Nicol-kommissie) is dit nege jaar later kragtens Proklamasie no. 117 van 12 September 1947, verminder tot 20. In 1960 was die aantal skoolrade nog onveranderd, naamlik 20.[85)]

Die volgende afledings kan uit onderstaande tabel gemaak word.

* Die aantal skole aan skoolrade toegesê, was

---

84) T.O.D.: Jaarverslag, 1950-12-31, p. 36.
85) BARNARD, op. cit., p. 464.

**Verspreiding van primêre skole en standerdinskrywing in skoolraadsgebiede op 30 Junie 1960.**[86)]

| Skoolraadgebiede | Laerskole | Graad I | Graad II | Standerd I | Standerd II | Standerd III | Standerd IV | Standerd V | Spesiale skole en klasse | Totaal | Onderwysers in laer klasse |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Laer afdeling | | | | | | | | | | |
| 1. Barberton ............ | 16 | 717 | 654 | 666 | 579 | 564 | 600 | 508 | 60 | 4 348 | 150 |
| 2. Ermelo ............... | 13 | 467 | 469 | 435 | 381 | 470 | 468 | 397 | 68 | 3 155 | 116 |
| 3. Heidelberg ........... | 18 | 410 | 376 | 357 | 359 | 333 | 370 | 323 | 59 | 2 587 | 92 |
| 4. Klerksdorp ........... | 22 | 1 220 | 1 066 | 1 003 | 996 | 925 | 913 | 741 | 43 | 6 907 | 219 |
| 5. Lichtenburg .......... | 16 | 533 | 513 | 521 | 494 | 475 | 470 | 420 | 36 | 3 462 | 133 |
| 6. Lydenburg ............ | 15 | 291 | 276 | 279 | 289 | 264 | 293 | 280 | 155 | 2 127 | 87 |
| 7. Marico ............... | 26 | 293 | 275 | 272 | 288 | 268 | 292 | 246 | 12 | 1 946 | 74 |
| 8. Middelburg ........... | 20 | 995 | 923 | 892 | 920 | 944 | 945 | 787 | 69 | 6 475 | 224 |
| 9. Pietersburg .......... | 30 | 1 203 | 1 081 | 1 104 | 1 057 | 1 089 | 1 040 | 896 | 175 | 7 645 | 273 |
| 10. Potchefstroom ........ | 27 | 1 245 | 1 093 | 1 113 | 1 080 | 1 026 | 1 001 | 945 | 308 | 7 811 | 291 |
| 11. Pretoria-Distrik ..... | 40 | 896 | 884 | 818 | 885 | 854 | 895 | 705 | 40 | 5 977 | 216 |
| 12. Pretoria-Stad ........ | 58 | 4 955 | 4 448 | 3 988 | 4 034 | 3 972 | 3 080 | 3 438 | 932 | 29 647 | 935 |
| 13. Rustenburg ........... | 28 | 702 | 698 | 708 | 689 | 624 | 635 | 549 | 311 | 4 916 | 209 |
| 14. Standerton ........... | 24 | 752 | 708 | 606 | 671 | 653 | 604 | 581 | 112 | 4 687 | 169 |
| 15. Vereeniging .......... | 29 | 1 646 | 1 600 | 1 458 | 1 520 | 1 509 | 1 452 | 1 232 | 267 | 10 684 | 350 |
| 16. Waterberg ............ | 28 | 477 | 525 | 529 | 507 | 590 | 579 | 483 | 29 | 3 719 | 145 |
| 17. Witwatersrand-Sentraal | 107 | 7 215 | 6 561 | 6 287 | 6 254 | 6 010 | 6 035 | 5 734 | 1 284 | 45 380 | 1 471 |
| 18. Witwatersrand-Oos .... | 90 | 6 097 | 5 652 | 5 190 | 5 477 | 5 363 | 4 984 | 4 698 | 776 | 38 237 | 1 199 |
| 19. Witwatersrand-Wes .... | 49 | 3 072 | 2 888 | 2 603 | 2 741 | 2 637 | 2 608 | 2 296 | 514 | 19 359 | 623 |
| 20. Wolmaransstad ........ | 21 | 474 | 460 | 440 | 421 | 449 | 437 | 400 | 90 | 3 171 | 135 |
| | 677 | 33 660 | 31 150 | 29 269 | 29 642 | 29 019 | 28 501 | 25 659 | 5 340 | 212 240 | 7 111 |

Tabel 2.7

86) T.O.D.: Jaarverslag, 1960-12-31, pp. 49-50.

hoogs uiteenlopend en blyk selfs ongebalanseerd te wees. Witwatersrand-Sentraal het 107 skole met 45 380 leerlinge en 1 471 onderwysers beheer, terwyl die Ermelose skoolraad oor 13 skole met 3 155 leerlinge en net 116 onderwysers moes toesig hou. Miskien het kommunikasie, bevolkingsdigtheid en afstand tussen skole 'n rol gespeel.

* Die werksaamhede van skoolrade moes drasties toegeneem het in vergelyking met 1917, want in 1960 moes 31% minder skoolrade beheer uitoefen ten opsigte van 149% meer leerlinge.

#### 2.2.1.3 Waardering

Hoewel die instelling van skoolrade 'n volksvreemde verskynsel op onderwysgebied was, het dit die primêre onderwys vanaf 1910 tot 1960 in menige opsig bevorder. Daadwerklike pogings is van tyd tot tyd deur skoolrade aangewend om beter klasakkommodasie aan skoolleerlinge te verskaf.[87) ] Alle korrespondensie wat in verband met onderwysers gestaan het, is deur skoolrade behartig en

---

87) T.O.D.: Eeufeespublikasie, 1876-1976, p. 72.

versprei en uiteindelik onder die aandag van die Onderwysdepartement gebring. Die korrespondensie wat skoolrade deur die jare moes voer, posstukke wat ontvang, versprei of geliasseer moes word, en die organisasie verbonde aan die opstelling van beleidsake in verband met die stigting en op= rigting van nuwe inrigtings, kan moeilik bereken word. Skoolrade het verder die werksaamhede van die T.O.D. grootliks verlig deur reproduksiewerk van omsendbriewe, sillabusse, eksamenvraestelle ensovoorts te onderneem, asook om die tikwerk van die Onderwysdepartement te behartig.[88)]

### 2.2.2 Skoolkomitees

#### 2.2.2.1 Inleiding

S.J. du Toit, Superintendent van Onderwys, het die aandeel van die ouers met betrekking tot die onder= wys in Wet no. 1 van 1882, op ondubbelsinnige wyse omlyn. Du Toit se C.N.O.-beleid het aanklank ge= vind by die Boerebevolking en die primêre onder= wys het gedurende die laaste twee dekades van die vorige eeu 'n bloeitydperk beleef.[89)]

---

88) Ibid., pp. 113-4.
89) BARNARD, op. cit., p. 160.

Die Britse owerheid in Transvaal sou na die Anglo-Boereoorlog oorgaan tot uitsluiting van die C.N.O.-ideaal in die primêre skole onder staatsbeheer, deur dit met 'n Britse, sekulêre onderwysstelsel te vervang. Ouerseggenskap is deur die Milner=regime oor die hoof gesien deur die uitskakeling van plaaslike skoolkomitees. Die Britse admi=nistrasie wou die Afrikaner doelbewus verengels. Engels is as skooltaal in alle skole ingevoer met die uitsluitlike doel om die Afrikanerkind te denasionaliseer.[90) ] "There can be no doubt that for purpose of modern life - for commerce, for law, for official purposes - English must be the paramount, and, indeed, the only language through=out South Africa" - aldus Direkteur E.B. Sargant, in sy eerste gepubliseerde onderwysverslag.[91)] Staatsbeheerde onderwys is in die plek van die tradisionele staatsondersteunde onderwys gestel.[92)] Hierteen het die Boere in opstand gekom; "... hulle wou die verdere neerlaag dat hulle kinders in die goewermentskole van Milner en Sargant ver=engels word, ten alle koste vermy. Die praktiese uitvloeisel was die stigting van C.N.O.-skole tot

---

90) Ibid., p. 312.
91) Transvaal and Orange River Colony, Education report, 1901-06-30, p. 14.
92) PISTORIUS, op. cit., p. 319.

in die verste uithoeke van Transvaal.[93] Die C.N.O.-skole was eintlik 'n voortsetting van die Republikeinse skole onder die Z.A.R.[94] Die ouers is verantwoordelik gehou vir die onderwys van hulle kinders en onderwys moes op Protestants-Christelike lees geskoei wees. Skoolkomitees is deur ouers van skoolgaande kinders gekies en alle C.N.O.-skole het onder direkte toesig van plaas=like skoolkomitees gestaan.[95] Basson beweer dat daar in 1905 reeds 228 C.N.O.-skole in Transvaal was, met 'n leerlingtal van 9 335 en met 419 onderwysers.[96]

Die Britse veroweraars het die snelle groei van die C.N.O.-stelsel as 'n bedreiging van die goe=wermentsonderwys beskou. Die C.N.O.-skole het egter vanaf 1906 weens 'n gebrek aan geld begin kwyn; die wedywering met die goewermentskole was onmoontlik en die liberale neiging van Boereleiers soos J.C. Smuts en L. Botha, wat geen beswaar teen goewermentskole geopper het nie, het C.N.O.-skole

---

93) BARNARD, op. cit., pp. 351-2.
94) SYMINGTON, F.C.: Onderwys in Transvaal ge=durende die Kroonkolonie-periode, p. 253.
95) COETZEE, J.C.: Onderwys in Transvaal, p. 96.
96) BASSON, M.A.: Die Britse invloed in die Transvaalse onderwys, dl. 2., p. 376.

nadelig getref.[97] Die Engelse en liberaalgesindes wou volkseenheid bewerkstellig deur middel van staatsbeheerde onderwys,[98] met ander woorde die onderwys is ingespan om 'n politieke doelstelling te bereik.

Die Britse owerheid het plaaslike skoolkomitees nie permanent uitgeskakel nie. Ordonnansie no. 7 van 1903 het wel voorsiening vir die benoeming van plaaslike skoolkomitees vir primêre skole met min=stens 30 leerlinge gemaak.[99] Hierdie skoolkomi=tees het egter min seggenskap gehad in die keuse van 'n onderwyser.[100] In die Selborne-minute van 1905 is daar eweneens voorsiening vir adviserende skoolkomitees gemaak, maar hierdie komitees het onder jurisdiksie van adviserende skoolrade gestaan. Tog is die magte van dié skoolkomitees sodanig uitgebrei dat hulle 'n adviserende stem by die keuse van onderwysers gehad het.[101]

Skoolkomitees is weer ingestel kragtens Wet no. 25

---

97) BARNARD, op. cit., p. 357.
98) Ibid., p. 359.
99) Ordinance no. 7 of 1903, art. 8.
100) BARNARD en COETSEE, op. cit., p. 132.
101) Lord Selborne's minute, 1905-11-17.

van 1907,[102] 'n wet wat "... in werklikheid 'n voortbouing op die beginsels van die Selborne-memorandum" was,[103] en gevolglik onder Britse beïnvloeding gestaan het. Artikel 69 van die Smuts-onderwyswet maak voorsiening vir die ver=kiesing van skoolkomitees onder toesig van die skoolraad (skoolkomitees was dus ondergeskik aan skoolrade). Eg. sal bestaan uit vyf tot sewe persone, gekies vir drie jaar - almal ouers wat ten tye van die verkiesing een of meer kinders op skool gehad het.[104] Slegs ouers wat binne 4,8 km van die skool woonagtig was, het stemreg gehad.[105]

'n Duidelike Britse invloed met betrekking tot die skoolkomitees lê opgesluit in art. 71(3) van die Smuts-wet waar dit bepaal word dat skoolkomitees slegs in adviserende hoedanigheid tot die Direk=teur van Onderwys staan in verband met die aan=stelling of skorsing van onderwysers.[106] Dis 'n weerspieëling van die beginsels van die Selborne-memorandum.

Kragtens art. 72 van die Smuts-onderwyswet was die

---

102) Wet no. 25, 1907, art. 66.
103) BARNARD en COETSEE, op. cit., p. 145.
104) Wet no. 25, 1907, art. 69.
105) Ibid., art. 67.
106) Ibid., art. 71(3).

Direkteur van Onderwys vir plaaslike skoolkomitees ontoeganklik. Alle mededelinge van 'n komitee oor sake betreffende sy skool moet aan die skoolraad gerig word en nie aan die Departement nie.[107] Die skoolraad het die mag gehad om uitsluitsel oor sulke aangeleenthede te gee, sonder raadpleging van die Direkteur van Onderwys.[108] Hiermee is die eens belangrike status wat die skoolkomitee in die Republikeinse onderwysstelsel beklee het, afgetakel tot 'n derderangse instansie onder die Britse imperialistiese stelsel van sekulêre staatsonderwys.

2.2.2.2 Skoolkomitees 1910-1960: 'n algemene oorsig

Die instelling van staatsbeheerde onderwys het menige ouer se houding jeens die onderwys laat verflou.[109] Dis begryplik as in aanmerking geneem word dat ouerseggenskap oor die onderwys van hulle kinders deur gratis staatsonderwys uitgeskakel is.[110] Dit het vry algemeen voorgekom dat skool=

---

107) Ibid., art. 72.
108) Ibid., art. 64.
109) Report of the Education Commission, appointed 1917-12-12, p. 64.
110) BOSHOFF, H.C.: Beheer van die onderwys in die provinsie Transvaal vanaf 1910, p. 102.

rade "... in verband met het voorzien in scholen en de benoeming van onderwijzers ... geweigerd hebben de voorstellen van (die) kommissie te onderschrijven, wanneer die hun oorsprong vonden in een ongezond inzicht van opvoedkundige doel= einden of middelen". Adamson het skookomitees selfs beskuldig van "... plaatselike kleingees= tigheid en vooroordeel ..." by die aanbeveling van onderwysers.[111] Maar skoolrade was egter bevoeg tot "... het bredere inzicht ..."[112] van onderwyssake wanneer die benoeming van "... staats= onderwijzers ... van een nationaal systeem ..." in die gedrang gekom het.[113] Adamson het onder= wysaangeleenthede in dié verband dan ook vergelyk met "... een engels of schots (sic) graafschap ..." en het beweer dat in Engeland "... verbetering de richting van afschaffing van de kleine eigen-wettenmakende Schoolraad heeft genomen en daar= voor een Kommissie van de Graafschapraad heeft in de plaats gesteld ... wanneer de grotere ruim= te de eenheid is".[114] Met hierdie bewering moes die Direkteur ongetwyfeld die volksvreemde filo= sofie-Holisme- soos in die Smuts-onderwyswet ver=

---

111) T.O.D.: Jaarverslag, 1910-06-30, p. 15.
112) Ibid., p. 17.
113) Ibid., p. 14.
114) Ibid., p. 15.

vat, in gedagte gehad het. Om dit op hierdie wyse voor te hou, wou Adamson die grootheid van die Britse imperialistiese gedagte onbetwisbaar onder= streep as die ideale stelsel onder die omstandig= hede.

Die magte en pligte van skoolkomitees het onder al die Direkteurs van Onderwys in die Transvaalse primêre onderwys tot in 1960 oor die algemeen on= veranderd gebly. Die Provinsiale Onderwyskommissie van 1937 het die staat se alleenreg oor die volks= kinders gekritiseer - 'n bewys dat die C.N.O.- gedagte nog steeds in die harte van nasiebewuste onderwysers bly leef het.[115] Die Kommissie het dit duidelik gestel dat opvoeding in die eerste instansie die plig en voorreg van die ouer is[116] maar dat onderwys in 'n demokratiese staatsvorm deur die staat verskaf moet word.[117] Hierdie beskouinge het neerslag gevind in Onderwysordon= nansie no. 29 , 1953, wat in werking getree het vyf jaar nadat die Nasionale Party in 1948 aan be= wind gekom het.

115) Verslag van die Provinsiale Onderwyskommis= sie, 1937, par. 18.
116) Ibid., par. 19.
117) Ibid., par. 18.

Ordonnansie no. 29 van 1953 het die Smuts-onderwys= wet vervang. Kragtens artikel 48 word daar voor= siening gemaak vir die instelling van 'n skoolko= mitee vir elke primêre skool.[118] Die bevoegdhede en pligte van die skoolkomitee is heelwat meer uit= gebrei as wat die geval van die Smuts-onderwyswet was, maar die Britse beïnvloeding was nog steeds aanwesig; skoolkomitees was nog aan skoolrade "onderhorig". In art. 50 van die Ordonnansie word bepaal dat 'n saak wat na die mening van die skool= komitee betrekking het op die welsyn en doeltref= fendheid van sy skool onder die aandag van die skoolraad gebring moet word.[119] Die skoolkomitee moet verder toesien dat skoolgeboue, terrein, ameublement en toerusting in 'n goeie toestand ge= hou word.[120] Art. 50(c) het betrekking op die aandeel wat die skoolkomitee in die aanstelling van onderwysers het.[121]

Kragtens art. 71 van die Ordonnansie (1953), word bepaal dat alle aansoeke wat 'n skool vir 'n ge=

---

118) Ordonnansie no. 29 van 1953, art. 48(1)(a).
119) Ibid., art. 50(a).
120) Ibid., art. 50(b).
121) Ibid., art. 50(c).

adverteerde pos ontvang, na die komitee van die betrokke skool verwys moet word. Die komitee stuur dan sy aanbevelings (minstens twee persone) aan die Departement. Die finale beslissing in verband met die permanente aanstelling van onderwysers berus by die Direkteur.[122] In hierdie verband is daar duidelike ooreenstemming met die Smuts-onderwyswet en derhalwe onbetwisbare Britse beïnvloeding.

Art. 85 van die Ordonnansie (1953) verleen aan die skoolkomitee sekere bevoegdhede in verband met die onderwyser. Wanneer 'n skoolkomitee van mening is dat 'n onderwyser in die uitoefening van sy politieke en burgerlike regte sy status en geskiktheid as onderwyser daardeur benadeel, kan die skoolkomitee 'n skriftelike verslag hieroor aan die Administrateur vir verdere handeling stuur.[123]

Kragtens art. 90 van Ordonnansie 29 van 1953, word die skoolkomitee gemagtig om 'n onderwyser in sy diens te skors in gevalle van ernstige wangedrag. So 'n skorsing moet sonder versuim skriftelik aan die Direkteur van Onderwys gerapporteer word.[124]

---

122) Ibid., art. 71.
123) Ibid., art. 85.
124) Ibid., art. 90(7).

2.2.2.3 Slot

Uit die voorafgaande moet afgelei word dat ouers van die skool deur sy verkose komitee oor bevoegd=hede beskik het om oor die gees en rigting van die skool te waak. Alhoewel die ouer van die be=ginsel van ouerreg - 'n begrip wat in sy demokra=tiese volksaard vasgegroei het - in die begin van die 20ste eeu ontneem is, het ouerreg in die loop van die eerste ses dekades van dié eeu geleidelik "herstel" en het ouers uiteindelik oor aanbeve=lingsmag met betrekking tot die eventuele aanstel=ling van onderwysers kragtens die genoemde ordon=nansie beskik.[125)]

125) Ibid., art.50(c).